Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva


Navrae
Enquiries
IMibuzo **G Martin Fisiesehulpbron-beplanning**

Telefoon
Telephone
IFoni **021 467 2137**

Faks
Fax
IFeksi **021 425 7428**


Verwysing
Reference
ISalanthiso **8/1/1**
**20030731-0008**

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe IeMfundo IeNtshona Koloni**

OMSENDBRIEF : 0247/2003
VERVALDATUM : GEEN

AAN: **HOOFDE EN BEHEERLIGGAME VAN ALLE WKOD-INRIGTINGS, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), SENIOR KRINGBESTUURDERS EN KRINGBESTUURDERS**

KORT OPSOMMING: *Riglyne vir die hantering van gevalle van vandalisme*

**ONDERWERP: VANDALISME BY SKOOLGEBOUE**

1. Die bevordering van 'n begrip van mede-eienaarskap van skole deur gemeenskappe is van die allergrootste belang indien vandalisme by skoolgeboue uitgeroei moet word. Die reuse bedrae geld wat as gevolg hiervan jaarliks aan die herstel van skoolgeboue bestee moet word, sal dan gebruik kan word om die agterstand in die instandhouding van skoolinfrastruktuur te verminder. Alhoewel skoolgeboue Staatseiendom is, is hulle gemeenskapsfasiliteite en die betrokkenheid van gemeenskappe in skole se inisiatiewe kan dus bydra tot die beperking van hierdie dade van vandalisme.
2. In 'n poging om die konsekwente en eenvormige hantering van gevalle van vandalisme deur hoofde van opvoedkundige inrigtings te verseker, word 'n stel riglyne in die ingeslote *Riglyndokument vir Vandalisme* voorsien.
3. Die pogings wat deur baie skole, beheerliggame en gemeenskappe in die bekamping van die opsetlike en sinlose beskadiging van skooleiendom word hoog op prys gestel.
4. Navrae in verband met die inhoud van hierdie omsendbrief kan gerig word aan mnr G Martin by tel. 021 467 2137.
5. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

**GETEKEN:** R.B. SWARTZ
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2003:12:18

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
*Adobe Acrobat Reader*® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
Vandalisering van Skoolgeboue (grootte: 43 KB) na bo

Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva